9: Terugblik op die reis met apartheid

26 Stellings

9.1 Die insig waartoe die Ned Geref Kerk gekom het dat "die kerk nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar kragtens sy profetiese funksie (moet) voortgaan om elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme te toets" (*Kerk en Samelewing 1990*, par 275), was die gevolg van jarelange worsteling oor dié saak en nadat die Ned Geref Kerk 'n ver reis met die apartheidsalbatros om sy nek onderneem het.

9.2 Dit was juis die Ned Geref Kerk se erns om die Skrif oor álle lewensverhoudinge en lewensverbande te laat praat, wat hom daartoe gebring het om één bepaalde politieke model Skriftuurlik te begrond as in werklikheid dié Godgewilde model vir die land. In 'n stadium was daar in wye kringe in die Ned Geref Kerk konsensus dat afsonderlike ontwikkeling – mét naasteliefde en regverdig toegepas – 'n Bybelse eis vir ons samelewingsordening is.

9.3 Daar was goeie bedoelings by diegene wat apartheid/afsonderlike ontwikkeling Bybels wou fundeer, sowel as by diegene wat dit as 'n praktiese oplossing vir 'n komplekse situasie gesien het. Enersyds wou hulle doen wat hulle geglo het die Bybel van hulle vra. Andersyds wou hulle al die verskillende volke wat ons Suid-Afrikaanse samelewing uitmaak, tot hulle reg laat kom.

9.4 Daar is egter ongelukkig toegelaat dat die beleid van apartheid tot 'n ideologie verword het wat, al was dit ook teen die meeste mense in die land se sin, ten alle koste deurgevoer moes word. Mense het pionne in 'n skaakspel geword sonder dat hulle menswaardigheid voldoende in ag geneem is. En ook nadat dit geblyk het dat die ideaal van verskillende volke in onafhanklike state nié haalbaar is nie, is toegelaat dat die diskriminasie en onreg van gedwonge skeiding voortgesit word.

9.5 Die Ned Geref Kerk het baie jare lank alte teoreties na dié verwikkelde saak bly kyk. Die benadering was te dikwels: "As 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling met naasteliefde en regverdigheid toegepas word, kan dit Bybels verantwoord word," sonder dat met genoeg erns vasgestel is of dié beleid in die praktyk enigsins aan die gestelde norme van liefde en regverdigheid voldoen.

9.6 Waar die Ned Geref Kerk in 'n sekere sin aanvanklik die toon aangegee het met die vestiging van die apartheidsidee, het die Nasionale Party dit mettertyd as politieke beleid aanvaar. Omdat die lidmate van die een in baie gevalle die lede van die ander was, het 'n wisselwerking tussen kerk en party/owerheid ontstaan wat verstaanbaar is, maar meegebring het dat die kerk nie altyd die wenslike kritiese afstand ten opsigte van die owerheid gehandhaaf het nie.

9.7 Die idee van afsonderlike state vir afsonderlike volke is nie uit die lug gegryp nie – dit bestaan elders in die wêreld (Europa) en ook in ons eie streek met Lesotho en Swaziland die voor die hand liggende voorbeelde – en as sodanig is so 'n samelewingsordening vanselfsprekend nie sleg of verkeerd nie. Die probleem kom daarby as so 'n ordening aan mense opgedwing word en, van die kerk se kant, selfs as Bybelse vereiste gestel word.

9.8 Ook wat die kerklike opset betref, is dit nie verkeerd as die Woord van God aan mense in hulle eie taal en kultuurverband gebring word en as die kerk in sy "algemeenheid" juis die kleur van sy omgewing aanneem nie. Inteendeel. Maar die eenheid van die kerk kan nie ondergeskik gestel word aan sy verskeidenheid nie. As in hierdie verband amper ál wat in die kerk sigbaar is, sy verskeidenheid is, en die sigbare eenheid al hoe meer agterweë bly, sal die wêreld al hoe minder die kerk se boodskap wil glo.

9.9 Dit is vanweë 'n diepe en geregverdigde vereenselwiging met die lot van die mense vir wie die Ned Geref Kerk in eerste instansie bedien het – die Afrikaners – dat dié kerk dikwels geneig was om sy mense se belange bo ánder mense s'n te stel. Die kerk was begaan oor Afrikaners se voortbestaan en het nie altyd in dieselfde mate gelet op ander mense se haglike daaglikse bestaan nie.

9.10 Daar moet teenoor lidmate, oud en jonk, erken word dat die leiding wat kerklike vergaderings ten opsigte van samelewingsake gegee

het, in die afgelope dekades soms te kort geskiet het. Dáároor is ons diep en opreg jammer.

9.11 Die Ned Geref Kerk dank die Here waar die leiding van kerklike vergaderings goed en reg was en Hy sy seën aan kerklike werksaamhede op baie terreine gegee het – soos uit die gegewens elders in hierdie stuk blyk.

9.12 Dit moet gesê word dat daar ook gevalle was waar suiwere kerklike leiding ongelukkig nie deur alle lidmate en vergaderings gevolg is nie.

9.13 Die Ned Geref Kerk het nog altyd groot erns gemaak met die Woord van God en het steeds daarna gestrewe om dit suiwer te verkondig en toe te pas. Die kerk het egter nie altyd die Woord van die Here reg gehoor nie. Dit moet bely word.

Die kerk wil hom egter opnuut tot beskikking van die Here stel om in die jare wat voorlê met groter erns en toewyding as ooit te soek na God se wil vir die lidmate van die kerk, vir die land en al sy mense, en om steeds krities te kyk na sy eie interpretasie van die Woord.

9.14 Christus stel aan ons die uitnemende voorbeeld van 'n dienskneg wat nie aan Homself gedink het nie, maar aan ander. As die Ned Geref Kerk in die verlede in die versoeking was om aan homself as 'n groot en "magtige" kerk te dink, het die situasie nou sodanig verander dat dié kerk amper vanselfsprekend anders oor homself moet dink. Die dienskneggestalte pas nou die beste – en dit is op stuk van sake wat Christus van sy kerk vra.

9.15 Die Ned Geref Kerk se hart gaan uit na die mense in ons land wat in die dekades wat verby is, gely het omdat die stelsel wat in die land gegeld het, dit meegebring het. Die kerk het soms 'n protesstem en 'n stem van deernis laat hoor, maar dit was te dikwels te sag. Daarvoor vra ons om verskoning.

9.16 Die lyding en swaarkry en armoede van mense die afgelope dekades en langer in Suid-Afrika kan egter vanselfsprekend nie net aan apartheid toegeskryf word nie. 'n Verskeidenheid van maatskaplike en ekonomiese werklikhede het daartoe bygedra. Daar was wel ook in dié tyd relatiewe voorspoed in Suid-Afrika waarin almal

in mindere of meerdere mate kon deel. Dat Suid-Afrika aan die einde van die apartheidsjare, ekonomies gesproke, en dít ten spyte van sanksies en boikotte, een van die ligpunte in Afrika was, kan nie in 'n evaluering van die tydperk wat verby is, ongesê bly nie.

9.17 Die Ned Geref Kerk moet erken dat hy sy profetiese stem teenoor die destydse owerheid, van wie baie sy lidmate was, meermale helderder moes laat hoor het. Dit het by geleentheid gehaper aan die Skriftuurlike leiding wat die kerk aan die owerheid gegee het. Dit is ook waar dat die kerk ongelukkig toegelaat het dat hy partykeer deur politieke leiers op sleeptou geneem is.

9.18 Die Ned Geref Kerk wil sy profetiese stem in die toekoms so helder as moontlik teenoor die owerheid hoorbaar maak, hom die eer gee wat hom toekom, en sy hande sterk sodat hy goed kan regeer en daar vrede en orde en minder misdaad in ons vaderland kan wees.

9.19 Die Ned Geref Kerk wil sy werk met toewyding voortsit en dank die Here vir die geleentheid om dit in hierdie land te kan doen. Die kerk het 'n besondere verantwoordelikheid teenoor dié volk en volkere onder wie hy al drie en 'n halwe eeu arbei, en wil daarmee voortgaan, terwyl die kerk daarna strewe om al hoe meer mense met die evangelie te bereik en daarna uitsien om hulle as lidmate van die kerk van die Here te verwelkom.

9.20 Die Ned Geref Kerk gaan voort om hom te beywer vir groter eenheid in die kerk, by name in die gereformeerde kring, omdat ons glo dat méér sigbare eenheid deur die Here van sy kerk gevra word.

9.21 Die Ned Geref Kerk het saam met ander kerke op verskillende maniere, met die oog op die pastorale versorging van lidmate, betrokke geraak by die stryd/oorlog van die jare sewentig en tagtig. Die Ned Geref Kerk het deur sy optrede laat blyk dat hy dit as 'n geregverdigde stryd beskou het, veral omdat die ateïstiese ideologie van die Kommunisme in daardie jare 'n sterk uitbreidingsdrang geopenbaar het met Suid-Afrika as een van sy teikens. Die kerk het nie die destydse oorlog beskou as 'n poging om 'n onregverdige bestel in Suid-Afrika te bly handhaaf nie.

Die Kapelaansdienste het in daardie jare goeie pastorale werk in moeilike omstandighede gedoen.

9.22 Predikante van die Ned Geref Kerk wat in daardie tyd kapelaans-generaal van die Weermag en Polisiemag was, getuig dat hulle nie bewus of ingelig was oor koverte optredes waarteen hulle moes geprotesteer het nie. Terugskouend gesien, is dit duidelik dat die Ned Geref Kerk dringender en indringender navraag moes gedoen het oor die verskillende bedrywighede van die Veiligheidsmagte.

9.23 Eweneens moes die Ned Geref Kerk ernstiger navraag gedoen het oor wat alles onder die kombers van verskillende noodtoestande in Suid-Afrika gebeur het en toegelaat is.

9.24 Dit is met skok en afgryse dat nou kennis geneem word van beweerde onchristelike dade wat deur sommige lede van die Veiligheidsmagte gepleeg is en wat nie verskoon kan word nie selfs al word die omstandighede wat destyds geheers het, in ag geneem. Diepe afkeer daaroor moet, as dit waar sou wees, uitgespreek word.

9.25 Eweneens moet diepe afkeer uitgespreek word oor wandade van vryheidsvegters en andere wat aan die lig kom en, sou dit waar wees, eties en moreel onverdedigbaar is.

9.26 Die Ned Geref Kerk het sy reis met apartheid voltooi. Hy het dié albatros vir eens en altyd van sy nek afgegooi. Ons dank die Here vir die geleentheid om, saam met ander Christene van Suid-Afrika, nuut na die toekoms te kyk, aan die kerk van die Here te help bou, van dié land 'n goeie tuiste vir almal wat hom "vaderland" noem, te help maak, en om te soek na die wil van die Here vir Suid-Afrika.